Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

**Republic of South Africa** ◆ **Republiek van Suid-Afrika**

# Government Gazette
## Extraordinary
## Buitengewone
# Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

**(REGULATION GAZETTE No. 190)** **(REGULASIEKOERANT No. 190)**

VOL. VIII.] PRICE 5c. PRETORIA, 10 MAY / 10 MEI 1963. PRYS 5c. [No. 497.

## PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. R. 90, 1963.]

### ADMINISTRATION OF PROVISIONS OF VOCATIONAL EDUCATION ACT, 1955.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *thirty-one bis* of the Vocational Education Act, 1955 (Act No. 70 of 1955), I hereby assign the administration of the provisions of section *eleven* of the said Act, the administration of which was assigned to the Minister of Education, Arts and Science by Proclamation No. R. 91 of 1961, to the Minister of Coloured Affairs for the purpose of conducting examinations and issuing diplomas and certificates in respect of courses of instruction and training that are approved by the Minister of Coloured Affairs in so far as Coloureds are concerned and in respect of which examinations are not conducted and diplomas and certificates not issued by the Department of Education, Arts and Science.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-fourth day of April, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. DE KLERK.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF FINANCE.

No. R. 691.] [10 May 1963.

### EXCHANGE CONTROL REGULATIONS.—APPOINTMENT OF AUTHORISED DEALER.

Paragraph 3 (*a*) of Government Notice No. R. 1112 of the 1st December, 1961, as amended by Government Notices No. R. 1212 of the 15th December, 1961, and No. R. 512 of the 30th March, 1962, is hereby further amended with effect from 1st April, 1963, by the substitution for the designation Philip Hill Acceptance Company, Limited, of the designation Philip Hill (S.A.), Limited.

[NOTE.—This amendment gives effect, as far as the Exchange Control Regulations are concerned, to the amalgamation of Philip Hill Acceptance Company, Limited, with Philip Hill, Higginson and Company (Africa), Limited, resulting in the formation of a new Company, Philip Hill (S.A.), Limited, on the 31st March, 1963.]

## PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. R. 90, 1963.]

### UITVOERING VAN BEPALINGS VAN WET OP BEROEPSONDERWYS, 1955.

Kragtens die bevoegdheid my by artikel *een-en-dertig bis* van die Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet No. 70 van 1955), verleen, dra ek hierby die uitvoering van die bepalings van artikel *elf* van genoemde Wet, waarvan die uitvoering by Proklamasie No. R. 91 van 1961 aan die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap opgedra is, aan die Minister van Kleurlingsake op vir die doeleindes van die afneem van eksamens en die uitreiking van diplomas en sertifikate ten opsigte van 'n kursus van onderwys en opleiding wat deur die Minister van Kleurlingsake vir sover dit Kleurlinge betref, goedgekeur word en ten opsigte waarvan eksamens nie afgeneem en diplomas en sertifikate nie uitgereik word deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap nie.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vier-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

J. DE KLERK.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. R. 691.] [10 Mei 1963.

### DEVIESEBEHEERREGULASIES.—AANSTELLING VAN GEMAGTIGDE HANDELAAR.

Paragraaf 3 (*a*) van Goewermentskennisgewing No. R. 1112 van 1 Desember 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. R. 1212 van 15 Desember 1961 en No. R. 512 van 30 Maart 1962, word hierby, met ingang vanaf 1 April 1963, verder gewysig deur die benaming Philip Hill Acceptance Company, Limited, deur die benaming Philip Hill (S.A.), Limited, te vervang.

[OPMERKING.—Hierdie wysiging gee gevolg, vir sover dit die Deviesebeheerregulasies betref, aan die amalgamasie van Philip Hill Acceptance Company, Limited, met Philip Hill, Higginson and Company (Africa), Limited, ten gevolge waarvan 'n nuwe maatskappy, Philip Hill (S.A.), Limited, op 31 Maart 1963 gevorm is.]

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

No. R. 676.] [10 May 1963.

The State President has, in terms of section *thirty-two* of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), been pleased to approve of the South African Railways and Harbours Staff Regulations, published in Government Notice No. R. 1045 of 15th July, 1960, as amended, being further amended as follows: —

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from the October,* 1962, *paymonth.*)

*Regulation No.* **93.**

Substitute the following for this regulation: —

"93. (1) Provided his duties permit, an officer may be released from duty on any public holiday without loss of emoluments.

(2) If an officer, other than a policeman, a telegraphist, a telephonist or a typist—

(*a*) is required to work—

(i) on Good Friday, Republic Day, the Day of the Covenant or Christmas Day; or

(ii) more or less regularly on public holidays other than those mentioned in clause (i):

he is to be paid for the time worked on such basis as may be laid down by the General Manager from time to time;

(*b*) is occasionally required to work on a public holiday other than one mentioned in subparagraph (*a*), he will receive no payment for such time worked other than his normal day's pay.

(3) If a commissioned or warrant police officer is required to work on any public holiday, he will receive no payment for such time worked other than his normal day's pay.

(4) Good Friday, Ascension Day, Republic Day, the Day of the Covenant and Christmas Day are paid public, holidays for all employees other than policemen and May Day is also a paid public holiday for the artisan staff.

(5) (*a*) If an employee (other than a policeman or a trainman) is not required to work on a paid public holiday, his wage plus the prescribed amount monthly in respect of overtime in the case of an employee in receipt thereof, will not be reduced for the paymonth within which such holiday falls.

(*b*) If a trainman is available for duty, but does not work on a paid pubic holiday, he will be paid one-twenty-sixth of his full monthly wage and standard wage enhancement (S.W.E.) in respect of such holiday.

(*c*) A policeman, other than a commissioned or warrant officer, who does not work on a paid public holiday will receive no pay in respect of such day, unless his release from duty on that day without loss of emoluments is permissible in terms of instructions issued by the General Manager.

(6) (*a*) A monthly-paid policeman, who is required to work on a paid public holiday is not entitled to receive any additional payment in respect thereof.

(*b*) A trainman who is required to work on a paid public holiday is to be credited with the actual time worked, subject to such minimum time as may be applicable in terms of Regulation No. 78 in addition to one-twenty-sixth of his full monthly wage and standard wage enhancement (S.W.E.) in respect of such holiday.

## DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

No. R. 676.] [10 Mei 1963.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *twee-en-dertig* van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (Wet no. 22 van 1960), goedkeuring daaraan te verleen dat die Personeelregulasies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, soos gewysig, wat in Goewermentskennisgewing no. R. 1045 van 15 Julie 1960 gepubliseer is, soos volg verder gewysig word:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

PERSONEELREGULASIES.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van die betaalmaand Oktober* 1962.)

*Regulasie no.* **93.**

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

„93. (1) As 'n amptenaar se pligte dit toelaat, kan hy op 'n openbare vakansiedag van diens vrygestel word sonder verlies van besoldiging.

(2) As 'n amptenaar behalwe 'n polisiebeampte, 'n telegrafis, 'n telefoniste of 'n tikster—

(*a*) (i) op Goeie Vrydag, Republiekdag, Geloftedag of Kersdag moet werk, of

(ii) min of meer gereeld op openbare vakansiedae behalwe dié in klousule (i) moet werk,

word hy vir die tyd wat hy werk, op sodanige grondslag betaal as wat die Hoofbestuurder van tyd tot tyd mag bepaal;

(*b*) af en toe op 'n openbare vakansiedag behalwe dié in subparagraaf (*a*) moet werk, ontvang hy behalwe sy gewone dag se loon geen besoldiging vir sodanige tyd wat hy gewerk het nie.

(3) As 'n polisieoffisier of 'n adjudant-polisieoffisier op 'n openbare vakansiedag moet werk, ontvang hy behalwe sy gewone dag se loon geen betaling vir tyd wat hy gewerk het nie.

(4) Goeie Vrydag, Hemelvaartdag, Republiekdag, Geloftedag en Kersdag is openbare vakansiedae met loon vir alle werksmanne behalwe polisiebeamptes. Meidag is ook 'n openbare vakansiedag met loon vir die ambagspersoneel.

(5) (*a*) As 'n werksman (behalwe 'n polisiebeampte of 'n lid van die treinpersoneel) nie op 'n openbare vakansiedag met loon moet werk nie, word sy loon plus die voorgeskrewe maandelikse bedrag ten opsigte van oortyd in die geval van 'n werksman in ontvangs daarvan, nie verminder vir die betaalmaand waarin sodanige vakansiedag val nie.

(*b*) As 'n lid van die treinpersoneel vir diens beskikbaar is, maar nie op 'n openbare vakansiedag met loon werk nie, word hy 'n ses-en-twintigste van sy volle maandelikse loon plus standaardloonaanvulling (SLA.) ten opsigte van sodanige vakansiedag betaal.

(*c*) 'n Polisiebeampte, behalwe 'n polisieoffisier of 'n adjudant-polisieoffisier, wat nie op 'n openbare vakansiedag met loon werk nie, ontvang geen besoldiging vir sodanige dag nie, tensy sy afwesigheid van diens op daardie dag sonder verlies van loon toelaatbaar is ingevolge die instruksies wat deur die Hoofbestuurder uitgereik is.

(6) (*a*) 'n Maandeliks besoldigde polisiebeampte wat op 'n openbare vakansiedag met loon moet werk, is nie geregtig op bykomende besoldiging ten opsigte daarvan nie.

(*b*) 'n Lid van die treinpersoneel wat op 'n openbare vakansiedag met loon werk, word gekrediteer met die werklike tyd wat hy gewerk het, onderworpe aan sodanige minimum tyd wat ingevolge regulasie no. 78 van toepassing mag wees, plus 'n ses-en-twintigste van sy volle maandelikse loon en standaardloonaanvulling (SLA.) ten opsigte van sodanige vakansiedag.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) An employee, other than one mentioned in subparagraph (a) or (b), who is required to work on a paid public holiday will, in addition to receiving a day's pay for the public holiday, receive payment as follows:—

(i) if a full shift is worked: One-twenty-sixth of his wage plus one-twenty-sixth of the prescribed amount monthly in respect of overtime in the case of an employee in receipt thereof;

(ii) if the time worked exceeds the full number of hours of the shift: Payment as provided for in clause (i) plus overtime for the time worked in excess of the full shift;

(iii) if less than a full shift is worked: Payment will be made at an hourly rate as laid down by the General Manager from time to time subject to a minimum of a quarter of a day's pay.

(7) Should a paid public holiday fall on a Sunday, the relevant provisions of this regulation shall be held to be applicable to the succeeding Monday.

(8) Subject to the provisions of Regulation No. 87, an employee who is not required to work on an unpaid public holiday will not receive any pay in respect of such day, unless he elects to take a day's vacation leave on that day and makes application for such leave during the paymonth in which the unpaid holiday falls.

(9) An employee who works on an unpaid public holiday will receive such payment as may be laid down by the General Manager from time to time.".

(c) 'n Werksman, behalwe 'n werksman genoem in subparagraaf (a) of (b), wat op 'n openbare vakansiedag met loon moet werk, word behalwe 'n dag se loon vir die openbare vakansiedag soos volg betaal:

(i) as 'n volle skof gewerk word: 'n Ses-en-twintigste van sy loon, plus 'n ses-en-twintigste van die voorgeskrewe maandelikse bedrag ten opsigte van oortyd in die geval van 'n werksman in ontvangs daarvan;

(ii) as die tyd wat gewerk word, meer is as die volle getal ure van die skof: Betaling soos in klousule (i) bepaal, plus oortyd vir die tyd wat meer as die volle skof gewerk word;

(iii) as minder as 'n volle skof gewerk word: Betaling teen 'n uurlikse skaal soos wat van tyd tot tyd deur die Hoofbestuurder bepaal word, onderworpe aan 'n minimum van 'n kwartdag se loon.

(7) As 'n openbare vakansiedag met loon op 'n Sondag val, word daar beskou dat die bepalings van hierdie regulasie op die daaropvolgende Maandag van toepassing is.

(8) Onderworpe aan die bepalings van regulasie no. 87, ontvang 'n werksman wat nie op 'n openbare vakansiedag sonder loon moet werk nie, geen betaling ten opsigte van sodanige dag nie, tensy hy verkies om 'n dag se verlof vir daardie dag te gebruik en aansoek doen om sodanige verlof gedurende die betaalmaand waarin die vakansiedag sonder loon val.

(9) 'n Werksman wat op 'n openbare vakansiedag sonder loon werk, ontvang sodanige betaling as wat die Hoofbestuurder van tyd tot tyd mag bepaal.".

No. R. 677.] [10 May 1963.

The State President has, in terms of section *thirty-two* of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), been pleased to approve of the South African Railways and Harbours Sick Fund Regulations, published in Government Notice No. R. 635 of 8th September, 1961, as amended, being further amended as follows:—

## SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

## SICK FUND REGULATIONS.

## SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from 1st February,* 1963.)

*Regulation No.* **35.**

Substitute the following for this regulation:—

"35. (1) A servant to whom the provisions of Regulation No. 37 or 38 are inapplicable, shall, subject to the provisions of the regulations in this Chapter, contribute to the Sick Fund, in accordance with the scale set out in Annexure 'A' to these regulations, with effect from the date of his admission to membership and such contributions shall be payable by deduction from his emoluments through the medium of his paysheets.

(2) Until such time as a member, who is married, is granted benefits for his family in terms of Regulation No. 45, he shall contribute to the Sick Fund at the rate applicable to a single servant.".

*Regulation No.* **45.**

Substitute the following for paragraph (1):—

"(1) (a) Subject to the provisions of Regulations Nos. 60 and 61, and to any conditions imposed on a member under the provisions of Regulation No. 20 in respect of a qualified certificate of health, a member and his wife and children who are normally resident with him may, subject to compliance with

No. R. 677.] [10 Mei 1963.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *twee-en-dertig* van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (Wet no. 22 van 1960), goedkeuring daaraan te verleen dat die Siekefondsregulasies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, soos gewysig, wat in Goewermentskennisgewing no. R. 635 van 8 September 1961 gepubliseer is, soos volg verder gewysig word:

## SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

## SIEKEFONDSREGULASIES.

## WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van* 1 *Februarie* 1963.)

*Regulasie no.* **35.**

Vervang hierdie regulasie deur die volgende:

„35. (1) Onderworpe aan die bepalings van die regulasies in hierdie hoofstuk, moet 'n dienaar op wie die bepalings van regulasie no. 37 of 38 nie van toepassing is nie, ooreenkomstig die bydraeskaal in bylae A van hierdie regulasies tot die Siekefonds bydra van die datum waarop hy as lid toegelaat word, en sodanige bydraes word deur middel van sy betaalstate van sy besoldiging afgetrek.

(2) Tot tyd en wyl daar aan 'n getroude lid voordele vir sy gesin ingevolge regulasie no. 45 toegestaan word, moet hy tot die Siekefonds bydra teen die skaal van toepassing op 'n ongetroude dienaar.".

*Regulasie no.* **45.**

Vervang paragraaf (1) deur die volgende:

„(1) (a) Onderworpe aan die bepalings van regulasies nos. 60 en 61 en enige voorwaardes wat 'n lid ingevolge regulasie no. 20 opgelê is ten opsigte van 'n voorwaardelike sertifikaat van gesondheid, kan die voordele wat in hierdie regulasie voorgeskryf word, onderworpe aan die bepalings van regulasie no. 45 *bis* toegestaan word aan 'n lid en sy eggenote

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



the provisions of Regulation No. 45 *bis*, be granted benefits prescribed in this regulation, provided that—

(i) the wife and children of a new entrant to the Service who is appointed to temporary employment, shall not be entitled to benefits for a period of six months subsequent to the date on which he is so appointed and their admission as beneficiaries shall be subject to the provisions of sub-paragraphs (*b*) and (*c*) of this paragraph;

(ii) an unmarried member who marries whilst in the Service shall not be entitled to benefits for his wife and children (if his wife has children by a previous marriage) for a period of six months from the date of his marriage and their admission as beneficiaries shall be subject to the provisions of sub-paragraphs (*b*) and (*c*) of this paragraph;

(iii) the wives and children of casual members shall not be entitled to benefits for a period of six months from the date on which such servants are admitted to membership, and admission as beneficiaries shall be subject to the provisions of sub-paragraphs (*b*) and (*c*) of this paragraph.

(*b*) On expiry of the periods prescribed in sub-paragraph (*a*), servants who desire their wives and/or children to be admitted as beneficiaries, will be required to complete an application form, which shall include a questionnaire in regard to the state of health of their wives and children.

(*c*) A District Board may, in its discretion and on the information contained in the questionnaire, decline or defer admission of a member's wife and/or children as beneficiaries or authorise qualified benefits in their favour.".

en kinders wat gewoonlik by hom woon, met dien verstande dat—

(i) die eggenote en kinders van 'n toetreder tot die Diens wat in tydelike diens aangestel word, nie op voordele geregtig is vir 'n tydperk van ses maande na sodanige aanstelling nie, en dat hulle toelating as voordeeltrekkers onderworpe is aan die bepalings van subparagrawe (*b*) en (*c*) van hierdie paragraaf;

(ii) 'n ongetroude lid wat in die huwelik tree onderwyl hy in die Diens is, nie op voordele geregtig is vir sy eggenote en kinders (indien die eggenote kinders uit 'n vorige huwelik het) vir 'n tydperk van ses maande na die datum van sy huwelik nie en dat hulle toelating as voordeeltrekkers onderworpe is aan die bepalings van subparagrawe (*b*) en (*c*) van hierdie paragraaf;

(iii) die eggenote en kinders van losdienare nie op voordele geregtig is vir 'n tydperk van ses maande na die datum waarop sodanige dienare tot lidmaatskap toegelaat word nie en dat hulle toelating as voordeeltrekkers onderworpe is aan die bepalings van subparagrawe (*b*) en (*c*) van hierdie paragraaf.

(*b*) Na verstryking van die tydperke wat in subparagraaf (*a*) voorgeskryf is, moet dienare wat begeer dat hulle eggenotes en/of kinders as voordeeltrekkers toegelaat word, 'n aansoekvorm invul wat 'n vraelys aangaande die gesondheidstoestand van hulle eggenotes en kinders insluit.

(*c*) 'n Distriksraad kan na goeddunke en volgens die inligting wat in die vraelys vervat is, die toelating van 'n lid se eggenote en/of kinders as voordeeltrekkers weier of uitstel, of voordele voorwaardelik ten gunste van hulle magtig.".

No. R. 679.] [10 May 1963.

The State President has, in terms of section *three* of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), been pleased to approve of the South African Railways and Harbours Free Pass Regulations, published in Government Notice No. R. 1883 of 25th November, 1960, as amended, being further amended as follows:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

REGULATIONS GOVERNING THE ISSUE OF FREE PASSES, PRIVILEGE TICKET ORDERS, AND CERTAIN OTHER CONCESSIONARY ORDERS AND TICKETS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from 1st September,* 1962.)

*Regulation No.* **30.**

Substitute the following for paragraph (1):—

"(1) Residential season tickets at one-fourth of the ordinary season ticket rates may be issued to staff whose substantive emoluments do not exceed the undermentioned amounts:—

(*a*) Officers ... ... ... ... ... ... R1,500 p.a.

(*b*) Employees ... ... ... ... ... R125 p.m.

Servants whose substantive emoluments exceed the respective amounts shown, may be granted residential season tickets at one-half of the ordinary season ticket rates.".

No. R. 679.] [10 Mei 1963.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *drie* van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet no. 70 van 1957), goedkeuring daaraan te verleen dat die Vrypasregulasies van die Suid-Afrikaaanse Spoorweë en Hawens, soos gewysig, wat in Goewermentskennisgewing no. R. 1883 van 25 November 1960 gepubliseer is, soos volg verder gewysig word:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

REGULASIES INSAKE DIE UITREIK VAN VRYPASSE, VOORREGKAARTJIEORDERS EN SOMMIGE ANDER KONSESSIEORDERS EN -KAARTJIES.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van* 1 *September* 1962.)

*Regulasie no.* **30.**

Vervang paragraaf (1) deur die volgende:

„(1) Residensiële seisoenkaartjies teen 'n kwart van die gewone seisoenkaartjietariewe kan aan personeel uitgereik word wie se vaste besoldiging nie meer is as die volgende nie:

(*a*) Amptenare ... ... ... ... ... R1,500 p.j.

(*b*) Werksmanne ... ... ... ... R125 p.m.

Aan dienare wie se vaste besoldiging hoër is as die onderskeie bedrae wat hierbo aangetoon is, kan residensiële seisoenkaartjies teen die helfte van die gewone seisoenkaartjietariewe toegestaan word.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 678.] [10 May 1963.

The State President has, in terms of section *thirty-two* of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), been pleased to approve of the South African Railways and Harbours Sick Fund Regulations, published in Government Notice No. R. 635 of 8th September, 1961, as amended, being further amended as follows:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

SICK FUND REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from* 1*st September*, 1962.)

*Annexure A.*

Cancel Annexure A and insert the following in place thereof:—

"ANNEXURE A.

SCALE OF CONTRIBUTIONS PAYABLE TO THE SICK FUND BY SERVANTS WHO ARE MEMBERS.

| Officers. | Employees. | Monthly Contributions. | |
|---|---|---|---|
| Up to and including (per year). | Up to and including (per month). | Married. | Single. |
| R | R | R | R |
| 840 | 70 | 2.63 | 2.38 |
| 960 | 80 | 2.75 | 2.50 |
| 1,080 | 90 | 2.88 | 2.63 |
| 1,200 | 100 | 3.00 | 2.75 |
| 1,320 | 110 | 3.13 | 2.88 |
| 1,440 | 120 | 3.25 | 3.00 |
| 1,560 | 130 | 3.38 | 3.13 |
| 1,680 | 140 | 3.50 | 3.25 |
| 1,800 | 150 | 3.63 | 3.38 |
| 1,920 | 160 | 3.75 | 3.50 |
| 2,040 | 170 | 3.88 | 3.63 |
| 2,160 | 180 | 4.00 | 3.75 |
| 2,280 | 190 | 4.13 | 3.88 |
| 2,400 | 200 | 4.25 | 4.00 |
| 2,520 | 210 | 4.38 | 4.13 |
| 2,640 | 220 | 4.50 | 4.25 |
| 2,760 | 230 | 4.63 | 4.38 |
| 2,880 | 240 | 4.75 | 4.50" |
| and over. | and over. | | |

No. R. 678.] [10 Mei 1963.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *twee-en-dertig* van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (Wet no. 22 van 1960), goedkeuring daaraan te verleen dat die Siekefondsregulasies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, soos gewysig, wat in Goewermentskennisgewing no. R. 635 van 8 September 1961 gepubliseer is, soos volg verder gewysig word:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

SIEKEFONDSREGULASIES.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van* 1 *September* 1962.)

*Bylae A.*

Vervang Bylae A deur die volgende:

„BYLAE A.

SKAAL VAN BYDRAES BETAALBAAR AAN DIE SIEKEFONDS DEUR DIENARE WAT LEDE IS.

| Amptenare. | Werksmanne. | Maandelikse bydraes. | |
|---|---|---|---|
| Tot en met (per jaar). | Tot en met (per maand). | Getroud. | Ongetroud. |
| R | R | R | R |
| 840 | 70 | 2.63 | 2.38 |
| 960 | 80 | 2.75 | 2.50 |
| 1,080 | 90 | 2.88 | 2.63 |
| 1,200 | 100 | 3.00 | 2.75 |
| 1,320 | 110 | 3.13 | 2.88 |
| 1,440 | 120 | 3.25 | 3.00 |
| 1,560 | 130 | 3.38 | 3.13 |
| 1,680 | 140 | 3.50 | 3.25 |
| 1,800 | 150 | 3.63 | 3.38 |
| 1,920 | 160 | 3.75 | 3.50 |
| 2,040 | 170 | 3.88 | 3.63 |
| 2,160 | 180 | 4.00 | 3.75 |
| 2,280 | 190 | 4.13 | 3.88 |
| 2,400 | 200 | 4.25 | 4.00 |
| 2,520 | 210 | 4.38 | 4.13 |
| 2,640 | 220 | 4.50 | 4.25 |
| 2,760 | 230 | 4.63 | 4.38 |
| 2,880 | 240 | 4.75 | 4.50" |
| en meer. | en meer. | | |

No. R. 680.] [10 May 1963.

The State President has, in terms of section *three* of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957 (Act No. 70 of 1957), been pleased to approve of the South African Railways and Harbours Free Pass Regulations, published in Government Notice No. R. 1883 of 25th November, 1960, as amended, being further amended as follows:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

REGULATIONS GOVERNING THE ISSUE OF FREE PASSES, PRIVILEGE TICKET ORDERS, AND CERTAIN OTHER CONCESSIONARY ORDERS AND TICKETS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from* 1*st November*, 1962.)

*Regulation No.* **30.**

Substitute the following paragraph (1):—

"(1) Residential season tickets at one-fourth of the ordinary season ticket rates may be issued to staff whose substantive emoluments do not exceed the undermentioned amounts:—

(*a*) Officers ... ... ... ... ... ... ... ... ... R1,800 p.a.
(*b*) Employees ... ... ... ... ... ... ... ... R150 p.m.

Servants whose substantive emoluments exceed the respective amounts shown, may be granted residential season tickets at one-half of the ordinary season ticket rates.".

No. R. 680.] [10 Mei 1963.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *drie* van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet no. 70 van 1957), goedkeuring daaraan te verleen dat die Vrypasregulasies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, soos gewysig, wat in Goewermentskennisgewing no. R. 1883 van 25 November 1960 gepubliseer is, soos volg verder gewysig word:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

REGULASIES INSAKE DIE UITREIK VAN VRYPASSE, VOORREGKAARTJIEORDERS EN SOMMIGE ANDER KONSESSIEORDERS EN -KAARTJIES.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van* 1 *November* 1962.)

*Regulasie no.* **30.**

Vervang paragraaf (1) deur die volgende:

„(1) Residensiële seisoenkaartjies teen 'n kwart van die gewone seisoenkaartjietariewe kan aan personeel uitgereik word wie se vaste besoldiging nie meer is as die volgende nie:

(*a*) Amptenare ... ... ... ... ... ... ... ... R1,800 p.j.
(*b*) Werksmanne ... ... ... ... ... ... ... R150 p.m.

Aan dienare wie se vaste besoldiging hoër is as die onderskeie bedrae wat hierbo aangetoon is, kan residensiële seisoenkaartjies teen die helfte van die gewone seisoenkaartjietariewe toegestaan word.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 675.] [10 May 1963.

The State President has, in terms of section *thirty-two* of the Railways and Harbours Service Act, 1960 (Act No. 22 of 1960), been pleased to approve of the South African Railways and Harbours Staff Regulations, published in Government Notice No. R. 1045 of 15th July, 1960, as amended, being further amended as follows: —

SOUTH AFRICAN RAILWAYS.

STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from* 1*st March*, 1963.)

*Regulation No.* **37.**

In the third line of paragraph (3), substitute the words " Conditions of Employment Advisory Board " for " Conciliation Board ".

No. R. 675.] [10 Mei 1963.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel *twee-en-dertig* van die Wet op Spoorweg- en Hawediens, 1960 (Wet no. 22 van 1960), goedkeuring daaraan te verleen dat die Personeelregulasies van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, soos gewysig, wat in Goewermentskennisgewing no. R. 1045 van 15 Julie 1960 gepubliseer is, soos volg verder gewysig word:

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË.

PERSONEELREGULASIES.

WYSIGINGSLYS.

(*Van krag van* 1 *Maart* 1963.)

*Regulasie no.* **37.**

Vervang die woord „ Versoeningsraad " in die tweede en derde reël van paragraaf (3) deur „ Adviesraad insake Diensvoorwaardes ".

## DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 681.] [10 May 1963.

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of paragraph (*e*) of sub-section (1) of section *five* or sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby certain persons were prohibited from attending gatherings: —

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 681.] [10 Mei 1963.

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge paragraaf (*e*) van subartikel (1) van artikel *vyf* of subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is waarby sekere persone verbied is om byeenkomste by te woon: —

| A. Name. *Naam.* | B. Address mentioned in Notice. *Adres in kennisgewing vermeld.* | C. Section in terms of which Notice was issued. *Artikel ingevolge waarvan kennisgewing uitgereik is.* | D. Date on which Notice was delivered to the person mentioned in column A. *Datum waarop die kennisgewing aan die persoon genoem in kolom A oorhandig is.* | E. Date on which Notice expires. *Datum waarop kennisgewing verstryk.* |
|---|---|---|---|---|
| Matomela, Florence | 79 Limba Road/*-weg*, New Brighton, Port Elizabeth | 5 (1) (*e*) | 9/4/63 | 31/3/68 |
| Moagi, Joshua | 269 Phooko Section/*-seksie*, Natalspruit Location/*-lokasie*, District of/*Distrik* Alberton | 9 (1) | 8/4/63 | 31/3/68 |
| Moodley, Mary | 94 Third Street/*Derde Straat*, Coloured Section, Benoni Location/*-lokasie*, Benoni | 9 (1) | 27/3/63 | 31/3/68 |
| Rampai, Timothy | 361 Nhlapo Section/*-seksie*, Natalspruit Location/*-lokasie*, Alberton | 9 (1) | 9/4/63 | 31/3/68 |
| Sonkwala, Jeffrey Msutu | 19 Taai Street/*-straat*, Cradock Location/*-lokasie*, Cradock | 9 (1) | 2/4/63 | 31/3/68 |
| Vara, Richard | 113 Lwana Street/*-straat*, Cradock Location/*-lokasie*, Cradock | 9 (1) | 10/4/63 | 29/2/68 |
| Xamlashe, Simon | 5 Sigcawu Avenue/*-laan*, Langa, Wynberg | 9 (1) | 5/4/63 | 31/3/68 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## CONTENTS.


| No. | | PAGE |
|---|---|---|
| | **PROCLAMATION.** | |
| R. 90. | Administration of Provisions of Vocational Education Act, 1955 ... ... ... ... | 1 |
| | **Department of Finance.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R. 691. | Exchange Control Regulations: Appointment of Authorised Dealer ... ... ... ... | 1 |
| | **Department of Railways and Harbours.** | |
| | GOVERNMENT NOTICES. | |
| R. 675. | Staff Regulations: Amendment ... ... ... | 6 |
| R. 676. | Staff Regulations: Amendment ... ... ... | 2 |
| R. 677. | Sick Fund Regulations: Amendment ... | 3 |
| R. 678. | Sick Fund Regulations: Amendment ... | 5 |
| R. 679. | Free Pass Regulations: Amendment ... ... | 4 |
| R. 680. | Free Pass Regulations: Amendment ... ... | 5 |
| | **Department of Justice.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R. 681. | Persons Prohibited from Attending Gatherings ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 6 |


## INHOUD.


| No. | | BLADSY |
|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE.** | |
| R. 90. | Uitvoering van Bepalings van Wet op Beroepsonderwys, 1955 ... ... ... ... ... | 1 |
| | **Departement van Finansies.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWINGS. | |
| R. 691. | Deviesebeheerregulasies: Aanstelling van Gemagtigde Handelaar ... ... ... ... ... | 1 |
| | **Departement van Spoorweë en Hawens.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R. 675. | Personeelregulasies: Wysiging ... ... ... ... | 6 |
| R. 676. | Personeelregulasies: Wysiging ... ... ... ... | 2 |
| R. 677. | Siekefondsregulasies: Wysiging ... ... ... | 3 |
| R. 678. | Siekefondsregulasies: Wysiging ... ... ... | 5 |
| R. 679. | Vrypasregulasies: Wysiging ... ... ... ... | 4 |
| R. 680. | Vrypasregulasies: Wysiging ... ... ... ... | 5 |
| | **Departement van Justisie.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R. 681. | Persone Verbied om Byeenkomste by te Woon ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 6 |



# GEOLOGICAL MAP OF THE UNION

## Scale 1/1,000,000 (4 sheets)

PRICE R2.00 per set

OBTAINABLE FROM THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA and CAPE TOWN

# GEOLOGIESE KAART VAN DIE UNIE

## Skaal 1/1,000,000 (4 dele)

PRYS R2.00 per stel

VERKRYGBAAR BY DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA en KAAPSTAD

**Buy National Savings Certificates**

**Koop Nasionale Spaarsertifikate**

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998




# Publications

issued by the GOVERNMENT PRINTER deal with various subjects of great interest to Businessmen, Industrialists, Farmers, Attorneys, Teachers and the Public in General

*These publications include the following:—*

| | | |
|---|---|---|
| ★ Official Year Book of South Africa<br>★ Mineral Resources of South Africa<br>★ Die Afrikaanse Woordeboek<br>★ Flowering Plants of Africa<br>★ Archives Year Book for South African History<br>★ Commerce and Industry *(Monthly)* | *Also* | Geological Publications<br>Acts and Regulations<br>Maps<br>Statistical Reports<br>Wage Determinations<br>Reports of Select Committees<br>Departmental Reports *(Annual)*<br>Commission Reports, etc. |

Further particulars regarding these publications and prices are obtainable from the GOVERNMENT PRINTER, Pretoria or Cape Town

# Publikasies

wat deur die STAATSDRUKKER uitgegee word, handel oor 'n verskeidenheid van onderwerpe wat vir Boere, Prokureurs, Onderwysers, Besigheidsmense, Nyweraars en die Algemene Publiek van groot belang is

*Hierdie publikasies sluit die volgende in:—*

| | | |
|---|---|---|
| ★ Offisiële Jaarboek van Suid-Afrika<br>★ Delfstowwe van Suid-Afrika<br>★ Die Afrikaanse Woordeboek<br>★ Blomplante van Afrika<br>★ Argiefjaarboek van Suid-Afrikaanse Geskiedenis<br>★ Handel en Nywerheid *(Maandeliks)* | *Asook* | Geologiese Publikasies<br>Wette en Regulasies<br>Landkaarte<br>Statistiese Verslae<br>Loonvasstellings<br>Gekose Komitee Verslae<br>Departementele Verslae *(Jaarliks)*<br>Kommissie Verslae, ens. |

Verdere besonderhede en pryse aangaande hierdie publikasies is verkrygbaar van die STAATSDRUKKER, Pretoria of Kaapstad


The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.



1—497